Hillandale Rolbalklub
Vrywaringsvorm

1. In terme van paragraaf 12 van die Gebruiksooreenkoms gesluit tussen Hillandale Lifestyle Village (HLV) and Hillandale Rolbalklub (HRK) moet elke lid en elke besoeker van HRK 'n vrywaringsvorm onderteken teenoor HLV ten aansien van elkeen se toegang tot en gebruik van die klubgebou, die rolbalperk en die onmiddellike omgewing. Ten einde lid van die klub te word of om gebruik te maak van die fasiliteite soos hieronder beskryf is dit verpligtend om die vrywaringsvorm te onderteken. (Let asseblief daarop dat lede en besoekers nie toegelaat word om tussen die eenhede van HLV te beweeg nie).
2. Deur ondertekening van hierdie vorm gee u toestemming aan HRK om u persoonlike inligting te bekom en dit te bewaar uitsluitlik vir doeleindes van die vrywaring.
3. Indien u sou versuim om die vrywaringsvorm te voltooi en te onderteken sal dit daartoe lei dat u lidmaatskap opgeskort word en in geval van besoekers sal toegang tot en gebruik van die klubgebou, die rolbalperk en onmiddellike omgewing van HLV geweier word.
4. Ek, die ondergetekende……. (volle name en van, van die ondergetekende), verklaar hiermee dat ek die onderstaande vrywaring gelees het, dit verstaan en die risiko van die gebruik van die fasiliteite aanvaar.

5. **Vrywaring en aanvaarding van risiko**

5.1 Alle persone wat die perseel, geboue en geriewe van **HLV** betree doen dit vrywillig op **eie risiko**.

5.2 Nog die regspersoon, nog sy trustees en lede, nog hul werknemers, gemagtigde verteenwoordigers of diegene tydelik in hul diens sal verantwoordelik gehou word vir enige skade verlies of besering opgedoen uit hoofde van die betreding of teenwoordigheid van enige persone op die perseel, geboue en geriewe van **HLV** of die deelname aan enige aktiwiteit daarop en sodanige persoon vrywaar en onderneem om gemelde partye skadeloos te stel teen enige aanspreeklikheid vir verlies, skade of besering van watter aard ook al.

5.3 Ouers/voogde/versorgers van enige minderjariges wat gebruik maak van die perseel, klubhuis, rolbalperk of onmiddellike omgewing van **HLV** vrywaar hiermee die regspersoon, sy trustees of lede, hul werknemers, gemagtigde verteenwoordigers of diegene tydelik in diens van **HLV** teen enige eis wat mag ontstaan as gevolg van die gebruik van die perseel, klubhuis en geriewe van **HLV**. Dit sal enige eis insluit wat mag ontstaan as gevolg van drankmisbruik deur minderjariges en of enige ander onwettige aktiwiteite gepleeg deur 'n derde party teenoor 'n minderjarige wat die perseel, klubhuis en geriewe van **HLV** gebruik.

5.4 Die regspersoon, sy trustees of lede, hul werknemers, gemagtigde verteenwoordigers of diegene tydelik in diens van **HLV** sal nie aanspreeklik wees

vir enige toesig, sorg of oorsig van enige minderjarige wat die klubgebou, die rolbalperk en onmiddellike omgewing van HLV gebruik nie.

Datum: ……

Handtekening: …….

_____

Waar minderjariges gebruik gaan maak van die klubgebou, die rolbalperk en onmiddellike omgewing van **HLV**, moet die naam en handtekening van die ouer/voog/versorger wat hulle vergesel hieronder verskaf word.

Naam van ouer/voog/versorger in geval van 'n minderjarige:

……..

Handtekening van ouer/voog/versorger in geval van 'n minderjarige:

……..